# 10 TEORIE EN PRAKTYK VAN DIE TRANS= VAALSE PLAASSKOOL, 1910 - 1967

## 10.1 Beheer oor plattelandse onderwys, 1910-1967

Met Uniewording het die Administrateur die Koloniale Sekretaris vervang en die Uitvoeren= de Raad het die Raad van Onderwys oorbodig gemaak.

Alle blanke onderwys, volgens 'n bepaling van die Suid-Afrika-wet in 1910, met die uitsonde= ring van hoër en tersiêre onderwys, moes deur die provinsies beheer word. In 1910 het elke afsonderlike provinsie reeds 'n gevestigde onderwysstelsel gehad waaroor hy beheer wou behou, en daar is voorsiening vir voortgesette provinsiale beheer oor die onderwys gemaak.[1)]

### 10.1.1 Skoolrade

Uit 'n totaal van nege en twintig skoolrade in Transvaal in 1917 het twintig skoolrade hoofsaaklik oor plattelandse skole beheer uit= geoefen. Vir elkeen van die oorwegend plat= telandse skoolraadsdistrikte was daar gemid= deld agt en twintig skole en 1 845 leerlinge,[2)]

1) PISTORIUS, op. cit., p.328-9.

2) T.E.D. Report, 31.12.1917, p.18.

maar in die praktyk was die indeling, soos wat dit uit onderstaande gegewens blyk, baie oneweredig.

Verspreiding van skole in 'n aantal plattelandse skoolraadsdistrikte in 1917.[3)]

| Skoolraadsdistrik | Aantal en graad van skole | | | | | | | Totale | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| | I | II | III | IVA | IVB | IVC | IVD | Skole | Leer= linge |
| Barberton | - | 1 | - | - | 1 | - | 4 | 6 | 399 |
| Heidelberg | - | 2 | 3 | 2 | 22 | 8 | 8 | 45 | 3 079 |
| Piet Retief | - | - | 1 | - | 3 | 6 | 1 | 11 | 578 |
| Potchefstroom | 2 | 1 | 3 | 4 | 19 | 7 | 8 | 44 | 4 155 |
| Pretoriase distrik | - | 1 | - | 6 | 20 | 16 | 25 | 68 | 3 814 |
| Rustenburg | - | 1 | 3 | 6 | 31 | 11 | 15 | 67 | 4 180 |
| Soutpansberg | - | - | 1 | 1 | 1 | 2 | 3 | 8 | 475 |

# Tabel XLVI

Daar was groot verskille ten opsigte van die werk en verantwoordelikhede van die verskil= lende plattelandse skoolrade. Waar die skool= raad vir die Pretoriase distrik oor agt en sestig skole beheer moes uitoefen, het die skoolraad van Barberton slegs ses skole beheer. 'n Verdere kenmerk was die groot aantal klein skooltjies, dit wil sê, grade IVC en IVD wat in 1917 op die platteland bestaan het.

Die aantal skoolrade het sodanig vermeerder dat daar in 1939 reeds twee en dertig was. Die Provinsiale Onderwyskommissie het aanbe= veel dat daar 'n herverdeling van die skool=

3) Loc. cit.

raadsdistrikte moes wees en dat die aantal skoolrade verminder moes word.[4] Op grond van Proklamasie no. 117 van 12 September 1946, is Transvaal in twintig skoolraadsdistrikte herverdeel, en ingrypende grensverskuiwings moes op die platteland gemaak word.[5]

Volgens die Wysigingsordonnansie van 1955 het skoolrade, beherende liggame en skoolkommis= sies statutêre liggame geword met dieselfde funksies en bevoegdhede wat hulle voorheen ge= had het. Die belangrikste veranderings handel oor die samestelling van skoolrade, naamlik die invoering van 'n elastiese wykstelsel van verteenwoordiging.[6]

In 1960 het die kieskollegestelsel tot stand gekom soos deur Ordonnansie no. 30 van 1960 vasgestel. Die twintig skoolraadsdistrikte is in 128 kieseenhede verdeel. Elke kieseen= heid moes 'n skoolraadslid verkies.[7]

Die driejaarlikse skoolraadskonferensies is in 1967 so gewysig dat die besprekings teen

4) Verslag van die Provinsiale Onderwyskommissie, 1937, p.26, par. 82.

5) T.O.D. Verslag, 31.12.1946, p.2-3.

6) Ibid., 31.12.1955, p.4-5.

7) Ibid., 31.12.1960, p.12.

die agtergrond van plaaslike omstandighede kon plaasvind. Al die ouerverteenwoordigende lig=game kon by die konferensies verteenwoordig wees.[8)]

10.1.2 Plaaslike skoolkommissies

Van tyd tot tyd was die kwessie van die status en magte van plaaslike skoolkommissies 'n bron van groot ontevredenheid. Dit was veral die kerk wat teen die geringe seggenskap van skool=kommissies beswaar gemaak het. Daar was die gevoel dat die bepalinge van gratis onderwys die ouers hulle mag en seggenskap oor die on=derwys laat verloor het.[9)] Skoolkommissies was ondergeskik aan skoolrade, en verskille tussen die twee partye het soms tot onaangename voorvalle aanleiding gegee. Die Direkteur van Onderwys het in 1911 selfs beweer dat daar minder spanning en ontevredenheid by dié skole was waar geen skoolkomitees bestaan het nie.[10)]

Die Onderwyskommissie van 1917 het bevind dat die onverskillige houding van die ouers jeens die onderwys grotendeels daaraan te wyte was dat die owerheid omtrent alle seg=genskap oor die onderwys vir hulle kinders

8) T.O.D. Algemene verslag, 31.12.1967, p.4.

9) Boshoff, op. cit., p.102.

10) T.E.D. Report, 31.12.1911, p.15.

uit hulle hande geneem het. Transvaal is te uitgestrek om deur middel van 'n gesentrali= seerde beheerstelsel die vinger op die pols van elke afgeleë skooltjie te hou.[11]

Die Provinsiale Onderwyskommissie (1937) het hom dan ook uitgelaat teen die staat se al= leenreg oor die onderwys van die kinders van die volk. In 'n demokratiese stelsel kan die staat hoogstens die nodige onderwysgeriewe verskaf en die grense vir verpligte skoolbe= soek bepaal.[12]

Teen die einde van die dertigerjare het ouers hulle pligte en verantwoordelikhede ten opsig= te van die onderwys van hulle kinders in so 'n mate ontduik dat baie skole nie daarin kon slaag om die skoolkommissies aan die gang te hou nie. Skoolhoofde het dit dikwels moeilik gevind om die dienste van die ouergemeenskap vir hulle onderskeie skole te verkry.[13]

Die mate van die belangstelling van die ouers by die verkiesing van skoolkommissies het van distrik tot distrik verskil. Waar sommige

11) Report of the Education Commission, appointed 21.12.1917, p.64.

12) Verslag van die Provinsiale Onderwyskommissie, 1937, p.10, par. 18.

13) Ibid., p.27, par. 84.

skole dit uiters moeilik gevind het om 'n kommissie verkies te kry, was die onderwys in ander plattelandse distrikte so goed ge=vestig dat elke plaasskooltjie oor 'n skool=kommissie beskik het.[14]

Artikel 48 van die Onderwysordonnansie van 1953 het skoolkommissies verpligte instellinge van alle laer- en middelbare skole in Trans=vaal gemaak.[15] Skoolkommissies het meer magte en bevoegdhede met betrekking tot die keuse van onderwysers verkry. Voortaan sou die aanbevelings van skoolkommissies by die Onderwysdepartement dieselfde gewig dra as dié van die skoolrade. Die Direkteur van Onderwys sou finaal besluit watter applikant aangestel moes word.[16]

Skoolrade is verantwoordelik vir die organi=sasie verbonde aan die verkiesing van skool=kommissies gehou. Dit is ook aan skoolrade opgedra om toe te sien dat die verskillende skoolkommissies minstens een keer per kwartaal vergader.[17]

14) Ibid., p.33, par. 117.

15) Ordonnansie no. 29 van 1953, p.78, art. 48.

16) Ibid., p.82, art. 50.

17) T.O.D. Verslag, 31.12.1957, p.14.

Die tradisionele C.N.O.-beginsel van ouerreg in die beheer van die skool en seggenskap oor die gees en rigting van die skool waar hulle kinders onderwys ontvang, het dus in 'n hoë mate vanaf 1910 verlore gegaan. Plaas=like skoolkommissies het hoofsaaklik slegs oor adviserende mag beskik, en het slegs aan die ouers ouerreg in naam gebied.

Ten spyte van die feit dat hulle oor beperkte magte beskik het, leer die praktyk ons dat sommige skoolkommissies van hulle magte mis=bruik gemaak het. By die aanbeveling van onderwysers word daar soms teen onderwysers van dieselfde geloofsbelydenis maar van 'n ander kerkgenootskap gediskrimineer, vanweë die voorkeur wat aan een of ander kerkgenoot=skap gegee word. Selfs partypolitiek of per=soonlike motiewe kan 'n rol by die keuse van plaasskoolonderwysers speel.

Bogenoemde wanpraktyke is die produk van die stelsel van ouerverteenwoordiging op skool=kommissies wat op 'n willekeurige basis ge=skied het. Minderheidsgroepe kry dus in die reël geen of onvoldoende verteenwoordiging in skoolkommissies.

10.2 Die oprigting van plaasskole en skoolbywoning

Artikel 6 van Ordonnansie no. 7 van 1912 het

skoolpligtigheid van veertien tot vyftien jaar en die standerd van vier na vyf verhoog. Dit is aan die skoolrade opgedra om toe te sien dat die wetsbepaling in verband met verpligte skoolbesoek gehandhaaf word.[18)]

Waar faktore soos 'n tekort aan plaasarbeiders en die wintertrek na die Bosveld nog in 1911 die skoolbesoek benadeel het, en waar 'n groot aantal plaaskinders van skoolgaande leeftyd nog van voortgesette laer onderwys verstoke was,[19)] was daar sedert 1911 'n groot toename in die leerlingtal by plaasskole. In 1912 was daar alreeds ongeveer 20 000 kinders in die verskillende buiteskole teenoor die 35 000 in die dorp- en stadskole, dit wil sê, 'n ver= houding van 4:7. Benewens die toename in die leerlingtal was daar ook, danksy die goeie werk van die skoolbesoekbeamptes, 'n mooi ver= betering in die gemiddelde werklike skoolbesoek. Volgens die Direkteur van Onderwys het die ge= middelde skoolbesoek van 88,2% vir die buite= skole in 1912 baie gunstig vergelyk met dié van Johannesburg (90,0%), Pretoria (88,3%) en die dorpe (88,5%).[20)]

18) Handboek van onderwijswetten met regulaties, bepalingen en voorschriften (1922), p.9, par. 19.

19) T.E.D. Report, 31.12.1911, p.75.

20) Ibid., 31.12.1912, p.3-4.

Teenoor die 20 783 kinders in die 551 buite=skole in Desember 1912 was daar teen die einde van Maart 1913 22 463 leerlinge in die 558 buiteskole,[21] dit wil sê, 'n vermeerdering van 1 680 leerlinge oor 'n tydperk van drie maande. Die verspreiding van die buiteskole volgens die leerlingtal op 31 Maart 1913 was soos volg:[22]

| Graad van skool | Aantal skole | Aantal leerlinge |
|---|---|---|
| Ondersteunde plaasskole: | | |
| (10-24 leerlinge) | 45 | 748 |
| Goewermentskole: | | |
| IVD (25-29 leerlinge) | 202 | 6 159 |
| IVC (30-39 leerlinge) | 146 | 5 864 |
| IVB (40-69 leerlinge) | 144 | 7 861 |
| IVA (70-100 leerlinge) | 17 | 1 340 |
| III (meer as 100 leerlinge) | 4 | 491 |
| Totaal | 558 | 22 463 |

Tabel XLVII

Vanweë onvoldoende koshuisakkommodasie en tekort aan vervoergeriewe kon die wetsbepaling ten opsigte van verpligte skoolbesoek vir leer=linge wat verder as 4,83 km van die skool af

21) First report of the Council of Education dealing with country schools of Transvaal, p.4.

22) Ibid., p.3.

gewoon het nog nie in 1913 volledig toegepas word nie. Teen die einde van die derde kwar= taal van 1913 was daar 5 868 kinders wat verder as 4,83 km van die skool af gewoon het wat die skool nie besoek het nie. Daar was nog min= stens 1 758 kinders wat nader as 4,83 km van die skool af gewoon het wat nie skool toe ge= gaan het nie. 'n Totaal van 7 626 kinders van skoolgaande ouderdom het dus teen die einde van die derde kwartaal van 1913 geen skool= onderwys geniet nie. In die Bloemhofse, Middelburgse, Potchefstroomse, Rustenburgse, Soutpansbergse en Standertonse distrikte was meer kinders van skoolgaande ouderdom buite die skool as daarbinne. Uit 'n totaal van 10 954 leerlinge wat verder as 4,83 km van die skool af gewoon het, het 6 713 kinders van losies- of vervoerbeurse gebruik gemaak. Vermoënde ouers het ook aanspraak op beurse gemaak met die gevolg dat die kinders van werklik behoeftige ouers dikwels, vanweë on= voldoende beursgeld, tuis moes bly. Die On= derwyskommissie van 1912 was daarvan oortuig dat dit meer ekonomies sou wees om voldoende beurse beskikbaar te stel om plaaskinders in die geleentheid te stel om sentrale skole te besoek, as om die klein eenmanskooltjies te vermeerder.[23]

23) Ibid., p.4-5.

Artikel 4 van Ordonnansie no. 16 van 1916[24) ]het artikel 19 van Wet no. 25, 1907, gewysig. Alle blanke ouers is verplig om toe te sien dat hulle kinders 'n skool besoek. Slegs aan behoeftige ouers wat verder as 4,83 km van die skool af gewoon het, en aan wie se kinders nie gratis vervoer of losies beskikbaar gestel kon word nie, is van hierdie verpligting vry=gestel.[25)] Op grond van artikel 5 kon die Administrateur op aanbeveling van die Direk=teur van Onderwys, en na oorleg met die skool=raad, by wyse van 'n proklamasie in die Provinsiale Koerant bepaal dat die verpligte skoolbesoek in 'n bepaalde distrik met een jaar verhoog kon word, naamlik van vyftien tot sestien jaar en van standerd vyf tot standerd ses.[26)] Hierdie vergunning om die skoolplig te verhoog, kon in 1917 moeilik deur skoolrade in die praktyk deurgevoer word, as gevolg van 'n tekort aan fondse en onvol=doende onderwysfasiliteite by die skole.[27)]

Die plaasmense was dikwels so yl verspreid dat dit 'n onbegonne taak was om goewerment=

24) Hierdie Onderwysordonnansie het op 10.1.1917 in werking getree.

25) Ordonnansie no. 16 van 1916, art. 4.

26) Ibid., art. 5.

27) T.E.D. Report, 31.12.1917, p.29.

skole binne loopafstand van al die mense op te rig, òf om vervoergeriewe tot almal se beskikking te stel. Baie ouers het nie die waarde van voortgesette onderwys vir hulle kinders besef nie, en het derhalwe self niks gedoen om hulle kinders in 'n skool geplaas te kry nie. Hierdie toestand is vererger deur die jaarlikse trek na die winterveld. Baie van die wanpraktyke kon uit die weg geruim word as die ouers bereid sou wees om hulle kinders in die koshuise by sentrale skole te plaas.[28)] Inspekteur P.M. van der Lingen het in 1919 aanbeveel dat ouers wat gedurende die wintermaande hulle kinders summier uit die skool gehou het tydens hulle verblyf in die winterveld, vervolg moes word.[29)]

Nadat daar sedert 1910 'n konstante styging in die leerlingtal van die buiteskole was, was daar in 1923 'n vermindering.

(Vervolg op p. 474).

28) Report of the Education Commission, appointed 31.12.1917, p.40-1.

29) T.O.D. Verslag, 31.12.1919, p.162.

Die gemiddelde jaarlikse moontlike skoolbesoek, werk= like skoolbesoek en persentasie werklike skoolbesoek by buiteskole vir die jare 1914; 1916; 1918; 1920; 1922 en 1923.[30)]

| Jaar | Gemiddelde moontlike skoolbesoek | Gemiddelde werklike skoolbesoek | Skoolbesoek as persentasie van die inskrywing |
|---|---|---|---|
| 1914 | 23 641 | 20 693 | 87,5 |
| 1916 | 29 030 | 25 637 | 88,3 |
| 1918 | 34 898 | 29 857 | 85,5 |
| 1920 | 39 288 | 34 953 | 89,0 |
| 1922 | 44 512 | 40 857 | 91,7 |
| 1923 | 44 321 | 40 517 | 91,4 |

## Tabel XLVIII

Die Direkteur van Onderwys het die vermin= dering van die leerlingtal by plaasskole in 1923 aan faktore soos die armoede by sommige plaasmense; die verhuising van verskeie ge= sinne vanaf hulle plase na die Wes-Transvaalse delwerye; die trek van verarmde plaasmense na die dorpe en die afskaffing van skoolbesoek= beamptes toegeskryf.[31)] Volgens die jaar= verslae van die Transvaalse Onderwysdeparte= ment gedurende daardie jare het die leerling= tal by plaasskole vanaf 1924 weer begin toe= neem, totdat die plaasskole ten opsigte van

30) Ibid., 31.12.1923, p.66-7.

31) Ibid., p.8.

die aantal kinders wat dit bygewoon het aan die begin van die dertigerjare 'n hoogtepunt bereik het. Daarna het die leerlingtal soos wat dit uit onderstaande tabel blyk, steeds afgeneem.

Gemiddelde jaarlikse inskrywing, werklike skoolbywo= ning en skoolbesoek as persentasie van die inskrywing vir die jare 1926; 1930; 1938; 1947 en 1953.

| Jaar | Gemiddelde jaarlikse inskrywing | Gemiddelde jaarlikse skoolbesoek | Skoolbesoek as persentasie van die inskrywing |
|---|---|---|---|
| 1926 | 44 370 | 40 754 | 91,9 [32)] |
| 1930 | 48 971 | 45 897 | 93,7 [33)] |
| 1938 | 45 546 | 43 054 | 94,5 [34)] |
| 1947 | 37 026 | 34 989 | 94,5 [35)] |
| 1953 | 35 099 | 33 146 | 94,4 [36)] |

## Tabel XLIX

Wanneer die gemiddelde persentasie werklike skoolbesoeke van die buiteskole met dié van die stad- en dorpskole gedurende die jare 1926-1953 vergelyk word, is dit 'n opvallende

32) Ibid., 31.12.1926, p.39-40.

33) Ibid., 31.12.1930, p.27-8.

34) Ibid., 31.12.1938, p.42-4.

35) Ibid., 31.12.1947, p.17-9.

36) Ibid., 31.12.1953, p.212-4.

verskynsel dat die plaaskinders die skool ge=trouer besoek het as die kinders in die gro=ter sentra. Gesien in die lig van die lang afstande wat plaaskinders dikwels onder moei=like omstandighede moes aflê om die naaste goewermentskool te bereik, is dit 'n merk=waardige prestasie.

In 1933 is die boonste grens van skoolpligtig=heid verder opgeskuif. Administrateursprokla=masie no. 3 van 1933 het bepaal dat verpligte skoolbesoek vir alle blanke kinders vanaf 17 Januarie verhoog sou word na die voltooiing van die sestiende lewensjaar, òf na die vol=tooiing van die agtste standerd, watter een van die twee ook al eerste bereik sou word.[37] Dit het meegebring dat alle plaaskinders, onge=ag die afstand vanaf die skool, voortaan ver=plig sou wees om 'n skool te besoek totdat hulle sestien jaar oud was of standerd agt ge=slaag het. Hierdie bepaling het uit die aard van die saak bygedra tot die verhoging van die onderwyspeil op die platteland, en dat die plaaskinders vir hulle toekomstige beroep be=ter toegerus is.

In 1953 is die verpligte toelatingsouderdom ge=stel op die jaar waarin die kind sewe jaar sou word. Alle blanke kinders moes dus die skool

37) Ibid., 31.12.1933, p.22.

besoek vanaf die begin van die jaar waarin hulle sewe jaar oud word tot die laaste skool=dag van die jaar waarin hulle sestien jaar oud word, ongeag die standerd wat hy geslaag het.[38)]

Voortvloeiend uit die feit van die ontvolking van die platteland het die leerlingtal by byna al die buiteskole vanaf die vyftigerjare onrusbarend begin verminder. As gevolg van die daling in die leerlingtal moes daar jaar=liks 'n aantal van die kleiner plaasskooltjies gesluit word.[39)] Waar daar byvoorbeeld op die eerste Dinsdag in Junie 1959 nog 30 024 kinders in die verskillende buiteskole was,[40)] was daar op die eerste Dinsdag in Junie 1964 nog slegs 27 438 leerlinge oor.[41)]

## 10.3 Onderwysmedium

Op 25 November 1910 is 'n goewermentskommissie onder voorsitterskap van F.S. Malan benoem om vas te stel in hoe 'n mate artikel 137 van die Grondwet van die Unie van Suid-Afrika, dit wil sê, die gelykstelling van die twee landstale,

38) Ordonnansie no. 29, 1953, art. 96. Vgl. ook: T.O.D. Verslag, 31.12.1956, p.10.

39) T.O.D. Verslag, 31.12.1958, p.8.

40) Ibid., 31.12.1959, p.49.

41) Ibid., 31.12.1964, p.62.

in die verskillende provinsies geïmplementeer word. Volgens die bevinding van hierdie re=geringskommissie het Engels in Transvaal in 'n meer begunstigde posisie as Hollands ver=keer.[42)]

Taalordonnansie no. 5 van 1911, wat op 1 Janu=arie 1912 in werking getree het, het aan Boer en Brit gelyke begeregtiging ten opsigte van taalregte gegee. Die volgende belangrike wysigings is aan die taalbepalings van die Smuts-onderwyswet aangebring:[43)]

* Die huistaal sou die verpligte onderwys=medium tot die vierde standerd wees. In=dien die ouers dit verkies het, kon die tweede taal (Engels of Hollands) vanaf die vyfde standerd geleidelik as voertaal in=gevoer word.[44)] (Art. 3).

* Moedertaalonderwys was verpligtend, en die tweede taal moes aan alle kinders onderrig word, mits die ouers nie beswaar daarteen gehad het nie. Na die voltooiing van die vierde standerd kon die ouers die voertaal kies, naamlik Engels, Hollands of albei.

42) Report of the Select Committee on public edu=cation, p. v.

43) Ordonnansie no. 5, 1911, artt. 3-4.

44) Die vroeëre verpligting omtrent Engels as medium van onderwys het verval.

Indien beide tale gekies sou word, was dit die taak van die skoolrade om te beslis in watter vakke Engels en in watter vakke Hollands die onderrigmedium moes wees. (Art. 4).

Bogenoemde taalbepaling het die bestaan van twee soorte plaasskole moontlik gemaak, naam=lik enkelmediumskole met Engels of Hollands as voertaal, en dubbelmediumskole waar beide Hollands en Engels as voertaal kon dien.

Om die taalklousule tot sy reg te laat kom, moes die onderwysers van eenmanskole oor 'n goeie kennis van beide tale beskik. Sulke goeie tweetalige onderwysers was skaars en die wat wel tweetalig was, was nie bereid om na die klein plaasskooltjies te gaan nie.[45)]

Die plaasmense was oorwegend Hollandssprekend; gevolglik was die kinders oorwegend eentalig tydens hulle aanvangstoelating tot die skool.[46)] Wanneer dit in gedagte gehou word dat die meeste plaasskoolonderwysers se kennis van Engels gebrekkig was, is dit vanselfsprekend dat die algemene peil van die tweede taal in

45) First report of the Council of Education dealing with country schools of Transvaal, p.6.

46) T.E.D. Report, 31.12.1912, p.5.

die plattelandse skole veel te wense oorgelaat het. Inspekteurs J.D. Kerrich en T.G. Ligertwood het in 1913 beweer dat daar baie plaaskinders die skool verlaat het, sonder die vermoë om Engels korrek te kon skryf of praat.[47)]

In 1914 is bepaal dat Afrikaans en Hollands gelyke regte in die Transvaalse skole moes geniet.[48)] Op daardie stadium was die huistaal van die meeste plaaskinders nòg Engels nòg Hollands, maar Afrikaans. Die gebruik van Afrikaans as skooltaal het die taak van beide die onderwysers en leerlinge vergemaklik, en die onderwyspogings in die buiteskole het meer doeltreffend geword.[49)] Afrikaans moes oor die algemeen gewild gewees het by die plaasskole, aangesien Afrikaans teen 1918 Hollands alreeds as skooltaal verdring het, soos dit uit die volgende gegewens blyk:

Voertaal in plaasskole in 1918[50)]

| Engels | Afrikaans | Hollands | Gedeeltelik Engels en gedeeltelik Afrikaans | Gedeeltelik Engels en gedeeltelik Hollands |
|---|---|---|---|---|
| 1 075 | 15 223 | 6 691 | 6 658 | 6 435 |

Tabel L

47) Ibid., 31.12.1913, p.29.

48) McKERRON, op. cit., p.130.

49) T.O.D. Verslag, 31.12.1915, p.149.

50) Ibid., 31.12.1918, p.65.

Die feit dat Afrikaans as voertaal die plek van Hollands in 1918 in skole vervang het, het „... nuwe krag aan die Afrikaner gegee om voort te bou aan sy taal en die volle erken= ning daarvan op alle terreine te verkry".[51)]

Volgens D. Linney, Inspekteur van Onderwys, was die plaasmense in 1928 oorwegend Afri= kaanssprekend en die plaasskool 'n Afrikaans= mediumskool. Volgens Linney was dit nie be= vorderlik vir die ideaal van tweetaligheid nie, en hy het aanbeveel dat daar teruggekeer moes word na die beleid waar sekere skoolvak= ke deur medium van die tweede taal onderrig moes word.[52)]

Die taalklousule soos vervat in Wet no. 25, 1907, en soos gewysig deur Ordonnansie no. 5, 1911, het voortdurend in die praktyk probleme opgelewer. Daar het by die implementering van die taalbepalings groot meningsverskille bestaan.[53)]

In 1932 het die Uitvoerende Komitee gewysigde taalregulasies uitgevaardig wat per omsend= brief no. 89 van 1932, in werking gestel is.

51) NEL, op. cit., p.50.

52) T.O.D. Verslag, 31.12.1928, p.72-8.

53) COETZEE, J.C. Onderwys in Transvaal, p.177-8.

Dit het die taak van die skoolhoof geword om deur middel van 'n mondelinge en skriftelike ondersoek, en in oorlegpleging met die klas=onderwyser, te bepaal wat die „huistaal" van die kind was, wanneer hy vir die eerste keer tot 'n skool toegelaat word. In gevalle waar daar twyfel bestaan het, moes die kringinspek=teur 'n beslissing gee. Indien die kringin=spekteur ook nie 'n uitspraak kon gee nie, sou die verklaring van die ouer finaal wees.[54)] Die ouer se verklaring is in 1934 deur Ordon=nansie no. 17 uitgeskakel. Dit het toe die gesamentlike taak van die kringinspekteur, skoolhoof en onderwyser geword om die kind se huistaal, dit wil sê, die taal wat hy die bes=te kon verstaan, te bepaal.[55)]

Vanweë politieke druk moes die Transvaalse Provinsiale Administrasie in 1945 die Rissik-ordonnansie van 1911, en soos gewysig in 1934, vervang. Alle blanke leerlinge moes vanaf 1 Januarie 1946 albei landstale leer en kon nie meer soos voorheen van een vryge=stel word nie.[56)]

Nadat die Nasionale Party in 1948 aan bewind

54) T.O.D. Verslag, 31.12.1932, p.26.

55) Ibid., 31.12.1934, p.11-2.

56) Ibid., 31.12.1945, p.6.

gekom het, het daar ook 'n verandering in die Provinsiale Raad gekom, en dit was dan ook een van die eerste take van die nuwe Raad om 'n nuwe taalordonnansie te ontwerp. Vanaf 1950 het onderwys deur middel van die huistaal tot en met die agtste standerd verpligtend geword, en alle middelbare skole het enkel=mediumskole geword.[57] Hierdie bepaling het van dié van 1945 verskil dat laasgenoemde ver=pligte dubbelmediumskole beoog het, terwyl eersgenoemde op verpligte enkelmediumskole afgestuur het. Artikel 56 van Ordonnansie no. 29 van 1953 het moedertaalonderwys tot en met standerd agt verpligtend gemaak.[58] Die beginsel van taalgelykheid en die huistaal as verpligte voertaal het behoue gebly. Ordon=nansie no. 29 van 1953 het voorsiening gemaak vir die oprigting van enkelmediumskole waar die ouers daarvoor gevra het.[59]

## 10.4 Geboue en terreine

### 10.4.1 Skoolgeboue en onderwyserswonings

Die ontwikkeling van die plaasskoolstelsel is gedurende die jare 1914-1918 nadelig ge=tref deur die Rebellie en Wêreldoorlog I.

57) NEL, op. cit., p.52.

58) Ordonnansie no. 29, 1953, art. 56.

59) T.O.D. Verslag, 31.12.1953, p.17-8.

Fondse vir die oprigting van openbare geboue moes drasties besnoei word.[60)]

Die privaatgeboutjies wat die Onderwysdepartement van plaaseienaars gehuur het, was gewoonlik in 'n swak toestand. Inspekteur J.P. Botha het die meeste van die gehuurde skoolgeboutjies in die Bloemhofse, Klerksdorpse, Lichtenburgse en Wolmaransstadse distrikte as „ellendige hokjes" beskryf wat weinig beter as 'n „varkenshok" was.[61)]

In 1918 is minimumvereistes vasgestel waaraan privaatskoolgeboue moes beantwoord. Elke skool moes ook oor die nodige sanitêre geriewe beskik. Die huurgeld is soos volg vasgestel:[62)]

Maandelikse huurgeld vir privaatskoolgeboue

| Akkommodasie | Tipe van gebou | |
|---|---|---|
| | Klip | Hout en yster |
| 30 leerlinge | R3,60 | R3,00 |
| 48 leerlinge | R5,40 | R4,60 |
| 64 leerlinge | R7,40 | R6,20 |
| 80 leerlinge | R9,40 | R7,80 |
| 100 leerlinge | R11,75 | R9,80 |

Tabel LI

60) T.E.D. Report, 31.12.1914, p.21.

61) T.O.D. Verslag, 31.12.1915, p.116.

Die Onderwyskommissie wat in 1917 benoem is, het op die noodsaaklikheid van waskamers en sanitêre geriewe by buiteskole gewys. Behalwe dat leerlinge wat op pad skool toe nat gereën het in die waskamers kon gaan verklee, kon dit ook gebruik word as saal- en tuiekamer gedurende skoolure. By alle plaasskole moes daar ook kampe vir die skooldonkies opgerig word. Dit sou baie ongerief uitskakel want die donkies het voortdurend gedurende skoolure weggeloop, of skade in omliggende landerye aangerig.[63]

Benewens doeltreffende skoolgeboue moes daar ook onderwyserswonings opgerig word, ten einde geskikte huisvesting aan die onderwysers te voorsien. Inspekteur D. Linney het in 1919 in Noord-Transvaal 'n hoof van 'n buiteskool aangetref wat, vanweë die ernstige tekort aan onderwyserswonings op die platteland, in die gang van 'n plaaswoning, wat ongeveer ses kilometers van die skool af geleë was, moes slaap.[64]

62) Regulaties voor het huren van gebouwen voor schooldoeleinden opgericht, artt. 2-3. (In Handboek van onderwijswetten met regulaties, bepalingen en voorschriften (1922), p.59).

63) Report of the Education Commission appointed 21.12.1917, p.35.

64) T.O.D. Verslag, 31.12.1919, p.139.

C.A.C. Geyser, hoof van die Bewaarkloofskool in die Pietersburgse distrik, met sy leer= linge in Julie 1928. Die onderwyserswoning was agteraan die eenvertrek skoolgeboutjie.

Geyser het sy etes in 'n bouvallige geboutjie (foto hieronder) ontvang teen R11,00 per maand.

Ten spyte van die pogings wat vanaf die begin van die twintigerjare aangewend was om geskik= te skoolgeboue op te rig,[65] het die verskil= lende kringinspekteurs voortdurend in hulle jaarverslae melding gemaak van die swak toe= stand van die skoolgeboutjies op die platte= land. Inspekteur B.J. Viljoen het in 1927 die privaat-plaasskoolgeboue in die noordweste= like Bosveldstreek beskryf as „... vaal, onge= pleisterde of met grond afgepleisterde geboue, met ... misvloere, ongeverfde deure en ven= sterrame ...". Daar was selde 'n plafon in die geboue en die binnemure nie behoorlik „gewit" nie.[66]

Inspekteur N.G. Alant het in 1949 vermeld dat die tekort aan onderwyserswonings daartoe mee= werk dat die onderwysers 'n eie stukkie grond koop. Hierdie neiging by plaasskoolonderwysers het nadelige gevolge vir die onderwys begin inhou, omdat sodanige onderwysers al hoe meer tyd aan hulle eie belange ten koste van die onderwys bestee het.[67]

Artikel 40 van Ordonnansie no. 29, 1953, het dit aan die skoolrade opgedra om die Direk=

65) Ibid., 31.12.1920, p.28.

66) Ibid., 31.12.1927, p.143.

67) Ibid., 31.12.1949, p.85.

teur van Onderwys te adviseer oor alle sake rakende die voorsiening van skoolterreine en geboue vir die provinsiale onderwysinrigtings.[68)]

Gaandeweg het die geboue verbeter. Waar daar nog ondoeltreffende skoolgeboue in 1958 was, was dit diè skole wat vanweë 'n daling van die leerlingtal in gevaar gestaan het om gesluit te word. Sodanige skole is nie opgeknap nie.[69)]

In 1967 is 'n beplanningsafdeling by die Transvaalse Onderwysdepartement ingestel met die taak om die fisiese behoeftes aan die verskillende onderwysinrigtings te koördineer en kontroleer. Reeds in sy eerste bestaansjaar het hierdie afdeling veel bygedra om die bouprogram te bespoedig, en deur die aanwending van verbeterde metodes en tegnieke kon groot besparings teweeggebring word.[70)]

### 10.4.2 Terreine

Skooltuine was gedurende die eerste jare na Uniewording 'n rariteit. Daar was wel proble=

68) Ordonnansie no. 29, 1953, art. 40.

69) T.O.D. Verslag, 31.12.1958, p.15.

70) T.O.D. Algemene verslag, 31.12.1967, p.2.

me, naamlik 'n tekort aan water en die gebrek aan toesig oor die skoolterrein gedurende va= kansies. Die Direkteur van Onderwys het dan ook in sy verslag van 1913 vermeld dat daar 'n algemene traagheid en luiheid by plaas= skoolonderwysers te bespeur was om bome aan te plant en om die skoolterrein te verfraai.[71) ] Die sillabus vir Natuurstudie was in 'n hoë mate gebaseer op die skooltuin.[72)]

Waar daar wel 'n begin gemaak is met die aanlê van 'n skooltuin, moes dit dikwels as gevolg van allerlei teleurstellings gestaak word. Behalwe die droogtes, las met miere en swak grond, het die ouers daarteen beswaar gemaak dat die kinders by die skool vir meester moes tuin maak, terwyl hulle dienste op die plase nodig was.[73)] Rondloperbokke en skooldonkies het die tuine dikwels verniel. In 1916 was dit dan 'n algemene verskynsel om die skool= donkies gedurende skoolure aan die draadom= heining van die skool vasgemaak te sien.[74)]

Die Onderwyskommissie van 1917 het bevind dat

71) T.E.D. Report, 31.12.1913, p.14.

72) Bepalingen en leergangen voor buitenscholen, 1913, p.7.

73) T.O.D. Verslag, 31.12.1915, p.116.

74) Ibid., 31.12.1916, p.113.

die watervoorsiening by die meeste skole on=toereikend was. Gevalle het selfs voorgekom waar dit die taak van die onderwyser geword het om water met 'n emmer na die skool toe aan te dra.[75)]

Nadat C.J. Blom in 1925 diens aanvaar het as inspekteur van landbouonderwys is aan 'n groot aantal buiteskole tuinbenodigdhede voorsien. 'n Aantal skole is van ogiesdraad voorsien vir die omheining van die skoolterrein.[76)]

Sedert die vyftigerjare het die verskillende kringinspekteurs gunstig begin rapporteer oor die tuine by plaasskole. Groot somme geld is bewillig vir skooltuine en die uit=bouing van sportfasiliteite.[77)] Netjiese grasperke is van toe af aangelê en die hoofde het bemoedigende pogings begin aanwend om die skoolterrein en geboue netjies te hou.[78)] By verskeie buiteskole is die windpompe met me=ganiese toerusting vervang. Gevalle het voor=gekom waar ouers hulle trekkers en plaasimple=mente tot die skool se beskikking gestel het

75) Report of the Education Commission appointed 21.12.1917, p.35.

76) T.O.D. Verslag, 31.12.1930, p.70.

77) Ibid., 31.12.1953, p.84.

78) Ibid., 31.12.1955, p.63; 66; 76.

ter verfraaiing van die skool- en sportter=reine.[79]

10.5 Ameublement

Vanaf 1910 is daar gepoog om die ou lendelam en primitiewe skoolbanke by die plaasskole met nuwe Amerikaanse dubbelbanke te vervang. Pogings is ook aangewend om die skole van die nodige skoolkaste, onderwyserstafels en stoele te voorsien.[80] Ongelukkig is daar nie met die liggaamsgrootte van die leerlinge rekening gehou wanneer skole van meubels voorsien is nie. Omdat die banke vir hulle ôf te hoog, ôf te laag was, moes die kinders dikwels in 'n onnatuurlike posisie op die banke sit. Be=halwe dat dit ongunstig ingewerk het op hulle skriftelike werk, het dit hulle liggaamlike ontwikkeling benadeel.[81]

Gedurende die Eerste Wêreldoorlog kon daar nie voldoende meubels ingevoer word nie. Die plaasskole was toe oor die algemeen nog aan=gewese op die ondoeltreffende lang skoolbanke wat in Suid-Afrika vervaardig is met sitplek

79) Ibid., p.83.

80) T.E.D. Report, 31.12.1911, p.56.

81) Ibid., 31.12.1913, p.116-7.

vir vier kinders.[82] Hierdie skoolbanke het selde bevrediging verskaf. Die ruimte tussen die skryfvlak en sitplek was so nou dat die leerlinge slegs met moeite in hulle banke kon opstaan.[83]

Inspekteur W.F. Schoon het in 1933 aanbeveel dat daar finaal ontslae geraak moes word van die lendelam, ondoeltreffende en ou lang plaas=skoolbanke. Dit kon verwerk word tot nuttige artikels soos byvoorbeeld lessenaars, prente=lyste, wastafels en boekrakke. Volgens Schoon kon die ou banke selfs dien om die houtvoor=raad van die handwerksentrums, by sentrale plaasskole aan te vul.[84]

In Januarie 1957 is daar in 'n groot behoefte voorsien toe die <u>Reëls vir die beheer oor en katalogus van skoolmeubels</u> uitgegee is.[85] Vir die eerste keer is skole en skoolrade van 'n lys van standaard skoolmeubels, asook die kwota waarop elke skool geregtig was, voor=sien.[86] Die nuwe stelsel waarvolgens skool=

82) Ibid., 31.12.1917, p.27.

83) T.O.D. Verslag, 31.12.1918, p.149.

84) Ibid., 31.12.1933, p.81.

85) Ibid., 31.12.1957, p.14.

86) Ibid., p.15.

rade in staat gestel is om 'n voorraad van verskillende tipes skoolmeubels op te bou, het daartoe gelei dat meubels gouer, en teen 'n laer koste, by skole afgelewer kon word.[87] Hierna kon die ou ondoeltreffende en lendelam meubels geleidelik deur die nuwe tipe meubels vervang word. Die werksmanne in die verskil= lende skoolraadsdistrikte dra tans veel by tot die herstel en instandhouding van die meubels by skole.

## 10.6 Leer- en leesboeke

In teenstelling met die dorpskole waar die stelsel om die ouers te versoek om 'n bydrae te maak tot die voorsiening van boeke aan hulle kinders bevredigend gewerk het, het plaasskoolonderwysers in 1911-2 ernstige probleme ondervind om bydraes van die ouers te kry. Die plaasmense het beweer dat die onderwys volgens wet gratis was en hulle het geweier om iets daarvoor by te dra.[88]

In 1914 het die Provinsiale Raad besluit dat leer- en leesboeke gratis aan alle leerlinge uitgereik moes word. Daar is toe besluit om bo en behalwe die toewysing aan skole vir die

87) Ibid., 31.12.1959, p.14.

88) T.E.D. Report, 31.12.1912, p.73.

aankoop van verbruikbare skoolmateriaal 'n addisionele toewysing van R0,60 per leerling toe te staan wat aangewend kon word vir die aankoop van leerboeke. Hierdie reëling het vir die plaasskoolonderwysers baie beteken, aangesien hulle dikwels boeke uit eie sak moes koop omdat die ouers geweier het om dit te doen.[89)]

Uit die verslag van D. Linney oor die een=manskole in 1922 blyk dit dat daar 'n groot behoefte was aan verskillende reekse leesboeke vir beide landstale. Verskeie plaasskooltjies het toe nog nie oor twee stelle leesboeke be=skik nie. Dit het meegebring dat leerlinge die lesse wat hulle die vorige jaar geleer het, tot die misnoeë van die ouers, moes her=haal.[90)]

Gedurende die depressie in die vroeë dertiger=jare is die verskaffing van gratis leerboeke as gevolg van besuinigingsmaatreëls nadelig getref.[91)] Dit was gedurende die oorlog van 1939-1945 eweneens moeilik om skoolboeke aan

89) Ibid., 31.12.1914, p.11.

90) T.O.D. Verslag, 31.12.1922, p.87-8.

91) MALHERBE, E.G. Onderwys en die armblanke, p.254.

skole te lewer.[92]

Daar was tot so laat as 1955 nog van verouderde lees- en rekenboeke in sommige skole gebruik gemaak. Die ou boeke was gebaseer op die klankmetode van leesonderrig in plaas van die nuwe globale leesmetode.[93]

Die toewysing vir die aankoop van skoolmateriaal is vanaf 1 Januarie 1960 verhoog.[94] Plaasskole kon toe die tekort aan skoolmateriaal, 'n faktor wat deur die verloop van baie jare remmend op die doeltreffende onderwys op die platteland ingewerk het, aanvul.

## 10.7 Inhoud van die leerstof en die kwessie van groepklasse

In die ontwikkelingsgeskiedenis van die Transvaalse plaasskool was daar voortdurend 'n gesoek na geskikte leerstof vir die plaaskind.

Benewens die probleem om geskikte leerstof vir die plaasskole te kies was die onderwysers met die probleem gekonfronteer om die voorge=

92) BOT, A.K. Die ontwikkeling van onderwys in Transvaal, p.117.

93) T.O.D. Verslag, 31.12.1955, p.88.

94) Ibid., 31.12.1960, p.13.

skrewe leerstof vir die verskillende vakke deur te werk terwyl hulle hul aandag tussen verskillende klasse moes verdeel.[95)]

Die Onderwyskommissie van 1912 wat oor die doeltreffendheid van die buiteskole moes be= sin, het aanbeveel dat die inhoud van vakke soos Lees, Skrif en Rekene vir alle skole die= selfde moes wees, maar dat die plaasskoolonder= wysers voorbeelde vir rekenkundige bewerkings moes kies om by die plattelandse omstandighede aan te pas. Natuurstudieonderrig moes met praktiese tuinwerk korreleer, byvoorbeeld die skooltuin moes benut word om te leer hoe om insekte en plantsiektes te bestry , bome te snoei en om water te lei. Handwerk by buite= skole kon 'n bydrae lewer om plaaskinders vir hulle latere plaaslewe voor te berei.[96)]

In 1913 is 'n kurrikulum vir die buiteskole opgestel wat op die sogenaamde groepstelsel gebaseer was. Dit het ook 'n sterk landbou= kundige inslag gehad. Aan onderwysers is 'n volledige uiteensetting gegee hoe die verskil= lende standerds vir bepaalde vakke saamge=

95) T.E.D. Report, 31.12.1911, p.57.

96) First report of the Council of Education dealing with country schools of Transvaal, p.11-2.

groepeer moes word, en hoe daar te werk ge=
gaan moes word om die onderwys beter by die
plattelandse omstandighede te laat aanpas.
Die aantal vakke is verminder en die leerstof
vir die verskillende vakke is deur beter se=
leksie geëlimineer. By eenmanskole moes slegs
die volgende vakke onderrig word: Bybelge=
skiedenis, Hollands, Engels, Rekene, Geskiede=
nis, Aardrykskunde en Natuurkennis. By plaas=
skole waar daar meer as een onderwyser was,
kon daar met toestemming van die kringinspek=
teur nog een van die volgende drie vakke
onderrig word: Tekene, Sang, Liggaamlike Op=
voeding.[97] Natuurstudie was bestem om die
plaaskinders se belangstelling vir die plaas=
werksaamhede te prikkel, en moes van die buite=
skole „... werklike scholen voor het platte=
land ..." maak.[98]

J.E. Adamson het daarop gewys dat bogenoemde
kurrikulum die groepie plaaskinders (ongeveer
20%) wat na die voltooiing van die vyfde
standerd na 'n middelbare skool wou gaan, be=
nadeel het.[99] Die Onderwyskommissie wat in
1917 benoem is, het dan ook bevind dat baie

97) Bepalingen en leergangen voor buitenscholen, 1913, p.5.

98) Ibid., p.6.

99) Ibid., p.7.

kinders, tot misnoeë en ontevredenheid van die ouers, nie by die peil van die groot skole aangepas het nie en teruggeplaas moes word na die betrokke leerling se vorige standerd. Daar is 'n ernstige beroep op die onderwysers van die eenmanskole gedoen om te poog om ten minste in Afrikaans en Rekene 'n hoë onderwys= peil te handhaaf.[100)]

In 1925 is die kurrikulum van die eenmanskole uitgebrei en onderrig moes verskaf word in die volgende vakke: Bybelgeskiedenis, Hol= lands en Engels (spreek, lees, resitasie, skryf, stylleer en spraakkuns), Rekene, Geskiedenis, Aardrykskunde, Aanskouingsonderwys, Natuur= studie en Naaldwerk. By dié skole met meer as een onderwyser kon daar, met die kringin= spekteur se toestemming, nog onderrig verskaf word in een of meer van die volgende vakke: Teken, Sang, Liggaamlike Opvoeding en Gesond= heidsopvoeding.[101)]

Wanneer daar op die inspeksieverslae van die buiteskole gelet word, blyk dit dat al die pogings om die sillabusse by die plattelandse omstandighede te laat aanpas, en om verskil=

100) Report of the Education Commission appointed 21.12.1917, p.22.

101) Regulasies vir laerskole insluitende die leer= plan of leergange, 1925, p.12.

lende standerds in bepaalde groepe te organi=seer nie tevredenheid verskaf het nie. Vanweë 'n tekort aan onderwysers en 'n gebrek aan onderwysfasiliteite het dit moeilik gegaan om al die leervakke tot hulle reg te laat kom.

In die loop van 1967 is daar weer nuwe sil=labusse vir sekere laerskoolvakke ingevoer ten einde met die jongste ontwikkelinge in die middelbare skole tred te hou. Die wenslikheid en moontlikheid van vakonderwys vanaf die der=de standerd is ondersoek, asook die moontlik=heid vir gedifferensieerde onderwys.[102) ]Hierdie jongste ontwikkelinge het in 'n hoë mate die klein plaasskooltjies hul bestaans=reg ontneem, aangesien differensiasie en vak=onderwys nie met so min leerlinge en die enkele onderwysers geïmplementeer kan word nie.

## 10.8 Die onderwyspeil van die buiteskole

In 1912 was die onderwysgehalte by die klein plaasskooltjies laag, en min kinders het daarin belanggestel om na voltooiing van die vierde standerd nog skool te gaan.[103)] Ten einde die onderwyspeil op die platteland te verhoog, is die oprigting van klein skooltjies ontmoedig.

102) T.O.D. Algemene verslag, 31.12.1967, p.14.

103) T.E.D. Report, 31.12.1912, p.200.

Die beleid dat onderwysers minstens een jaar by 'n skool moes bly, alvorens hulle vir 'n ander onderwyserspos aansoek kon doen, het ook minder personeelverwisselings in 1912 ten gevolg gehad.[104)]

Die resultate van bogenoemde stappe om die onderwysgehalte op die platteland te verhoog, was reeds in 1913 merkbaar. Sommige inspek= teurs het verklaar dat die onderwysgehalte van buiteskole gunstig met dië van die dorpskole vergelyk het.[105)]

Die algemene onderwyspeil by eenmanskole waar slegs tot by standerd vier onderwys verskaf is, was oor die algemeen hoër as by dié skool= tjies waar daar leerlinge in standerd vyf en ses was. Sommige eenmanskole moes dikwels noodgedwonge leerlinge bokant die vierde stan= derd inskryf om aan die minimum inskrywing vir voortbestaan te voldoen.[106)] In 1921 is be= sluit dat standerd vyf-leerlinge by eenmanskole, en standerd ses-leerlinge by tweemanskole uit= gesluit moes word.[107)]

104) Ibid., p.76.

105) Ibid., 31.12.1913, p.27.

106) T.O.D. Verslag, 31.12.1918, p.110.

107) Ibid., 31.12.1921, p.102; 106.

Nadat die Uitvoerende Komitee in 1924 besluit het om die boonste grens van die laerskool van die sesde standerd tot standerd vyf af te bring, is aan die plattelandse laerskole ver=gunning verleen om standerd ses te behou. Dit moes gedoen word as gevolg van veelvuldige probleme wat opgeduik het om die standerd ses-leerlinge van plaasskole na middelbare skole oor te plaas.[108] By die eenmanskole kon hoogstens tot die vierde standerd onderwys verskaf word, daarna moes die leerlinge die groter sentrale skole besoek.[109]

Teen die begin van die dertigerjare het 'n groot persentasie leerlinge wat die eindeksa=men van die laerskool afgelê het nog by hulle ouers op die plase gaan woon.[110] Baie boereplase was toe alreeds swaar verpand, en ook reeds te klein om verder onderverdeel te word. Vir die kinders was daar dikwels min vooruitsigte op die plaas, en omdat hulle min skoolgeleerdheid gehad het, het hulle moeilik elders 'n betrekking bekom.[111] In opdrag

108) COETZEE, J.C. Onderwys in Transvaal, p.167.

109) Regulasies vir laerskole insluitende die leer=plan of leergange, 1925, p.11.

110) T.O.D. Verslag, 31.12.1931, p.55.

111) MALHERBE, E.G. Onderwys en die armblanke, p.112-8.

van Administrateurskennisgewing no. 3 van 1933, moes alle ouers toesien dat hulle kin= ders die skool gereeld besoek totdat hulle sestien jaar oud was, of die agtste standerd met sukses voltooi het.[112)]

In 1953 is 'n kommissie onder voorsitterskap van I.M. Meyer benoem om die moontlikhede vir die oorplasing van die standerd ses-leerlinge by die plaasskole na die middelbare skole te ondersoek.[113)] Volgens inspekteur G.A.B. Dyk= man sou die oorplasing van die standerd ses-leerlinge na die hoërskool nie die gevaar vir plaasskole inhou dat hulle sou moes sluit as gevolg van die verlies van leerlinge nie. Dykman het beweer dat die Transvaalse Onder= wysdepartement alreeds in die verlede bereid was om toegewings aan die buiteskole te maak, en dit weer sou doen om te bewys „... dat dit sy begeerte is om hierdie skole (plaasskole) in stand te hou, omdat deur hulle soveel waar= devolle diens gelewer word aan die volk en veral aan die omgewing waar hulle bestaan".[114)]

Die „nuwe" beleid (wat alreeds in 1940 neer= gelê is) dat alle leerlinge aan die begin

112) T.O.D. Verslag, 31.12.1933, p.22.

113) Ibid., 31.12.1953, p.10.

114) Ibid., p.69.

van die jaar waarin hulle veertien jaar oud word na 'n middelbare skool (of afdeling daar=van) gestuur moes word, het in 1955 ook vir die plaasskole werklikheid geword. Standerd vyf was hierna die boonste grens in alle Transvaalse laerskole. Vanweë die feit dat die kleiner plaasskole met die uitvoering van hierdie beleid nadelig getref sou word, is die minimum aantal leerlinge wat nodig was vir die instandhouding van hierdie skooltjies verlaag.[115)]

Die hoofde van plaasskole het voortdurend probleme ondervind om sekere vakke tot hulle reg te laat kom. Dit was nie altyd moontlik om die voorgestelde sestig minute per stan=derd per week vir Sangonderrig af te sonder nie. Die werklike skoolure was, as gevolg van die ongerieflike skoolbusdienste en die lang afstande tussen die huis en skool, nog altyd te min om soveel tyd aan Sang en Musiek ten koste van die ander skoolvakke te bestee. Voorts moes plaasskole dikwels sonder die dienste van personeellede wat bevoeg is om Sang en Skoolmusiek te onderrig, klaarkom.[116)]

Liggaamlike Opvoeding was in die reël nog

115) Ibid., 31.12.1954, p.16.

116) Ibid., 31.12.1955, p.143.

nooit gewild by plaasskole nie. Die doeltref=fende onderrig van hierdie vak moes voortdu=rend ly, as gevolg van faktore soos onbevoegde onderwysers, ongunstige weersomstandighede en 'n tekort aan fasiliteite.[117] In 1961 is 'n „mobiele apparaatherstel-eenheid" in werking gestel wat die buiteskole moes besoek om be=skadigde apparaat te herstel.[118]

Omdat klein skooltjies selde oor die dienste van iemand beskik het wat Naaldwerk tot sy reg kon laat kom, is hierdie vak verwaarloos. Dit was ook 'n probleem om die seuns nuttig besig te hou, terwyl die dogters met Naaldwerk besig was.[119]

Waar daar telkens in die verlede klagtes was oor die peil van Engels by die buiteskole, kon die Direkteur van Onderwys in 1960 met genoegdoening meld dat daar in „... verskeie plattelandse kringe ... 'n besondere poging aangewend (is) om die onderrig van die tweede taal te verbeter".[120] Die feit dat plaaskin=ders selde Engels buite die skoolure gehoor en

117) Ibid., p.158-9.

118) Ibid., 31.12.1961, p.23.

119) Ibid., 31.12.1957, p.10-1.

120) Ibid., 31.12.1960, p.21.

gepraat het, het nadelig op die peil van Engels ingewerk.[121] In 'n volgehoue poging om die peil van Engels in alle Transvaalse laerskole te verhoog, het die Onderwysdepartement in 1967 'n oriënteringskursus in Engels vir onderwysers gereël.[122]

## 10.9 Onderwysers

### 10.9.1 Die kwalifikasies van plaasskoolonderwysers

J.E. Adamson, die Direkteur van Onderwys, het in 1912 sy kommer uitgespreek oor die groot aantal onbevoegde, ongematrikuleerde, eentalige onderwysers wat, vanweë 'n tekort aan opgeleide onderwysers, by die klein plaasskooltjies aangestel moes word.[123] Uit die totaal van 849 plaasskoolonderwysers het 99 (ongeveer twaalf persent) oor 'n tweedeklas onderwysersertifikaat beskik en 421 (ongeveer die helfte) oor 'n derdeklassertifikaat. Die orige 329 onderwysers (ongeveer agt en dertig persent) het oor 'n voorwaardelike onderwysersertifikaat beskik. Laasgenoemde sertifikaat was as't ware slegs 'n „lisensie" aan die onopgeleides om in 'n tydelike hoeda=

121) Ibid., 31.12.1964, p.13.

122) T.O.D. Algemene verslag, 31.12.1967, p.2.

123) T.E.D. Report, 31.12.1912, p.45.

nigheid onderwys te verskaf, en geen besondere akademiese of professionele kwalifikasies is van die houers van die voorwaardelike onderwysersertifikate vereis nie.[124)]

Voorts was die kringinspekteurs bekommerd oor die nadelige gevolge wat die voortdurende verwisseling van die tydelike en onbevoegde onderwysers op die onderwyspeil gehad het. J.H. Corbett het in 1918 verklaar dat daar plaasskoolonderwysers was wat „... nooit in staat zullen zijn om het van hun vereiste werk te verrichten". Baie van die onbekwame onderwysers was vanweë familie- en maatskaplike verbintenisse aan die skoolgemeenskap verbonde. Enige poging om van hulle ontslae te raak, sou op teenstand van die gemeenskap uitloop.[125)] In die inspeksiekring van A.J. de Vos was veertien van die hoofde van die een en dertig eenmanskole ongekwalifiseerd. Onder die ongekwalifiseerdes was jong mense wat pas die eindeksamen van die laerskool afgelê het.[126)]

Dit is dus duidelik dat ongeveer die helfte

124) First report of the Council of Education dealing with country schools of Transvaal, p.5.

125) T.O.D. Verslag, 31.12.1918, p.114.

126) Ibid., p.120.

van die onderwysers wat in 1920 aan plaasskole verbonde was, ongekwalifiseerd was. Dié toe=stand het gedurende die twintigerjare aansien=lik verbeter, soos dit uit onderstaande tabel blyk:

Bevoegdheid van plaasskoolonderwysers, 1920-1930.

| Jaar | Aantal onderwysers in besit van sertifikate | | | Aantal ongekwalifiseerde onderwysers | | Totaal |
|---|---|---|---|---|---|---|
| | Eersteklas | Tweedeklas | Derdeklas | Voorwaardelik | Per uur betaal | |
| 1920 | 1 | 192 | 661 | 860 | - | 1 714[127] |
| 1922 | 4 | 258 | 884 | 743 | 37 | 1 926[128] |
| 1924 | 3 | 345 | 1 081 | 499 | 33 | 1 961[129] |
| 1926 | 3 | 417 | 1 284 | 314 | 43 | 2 061[130] |
| 1928 | - | 528 | 1 459 | 207 | 66 | 2 260[131] |
| 1930 | - | 708 | 1 409 | 72 | 72 | 2 261[132] |

# Tabel LII

Teen die einde van die twintigerjare is Land=bou en Huishoudkunde by die kurrikulum van die plattelandse intermediêre skole gevoeg.[133] Ten einde die onderwysers vir hierdie vakke, veral Landbou, beskikbaar te hê, het 'n aan=

127) Ibid., 31.12.1920, p.90.

128) Ibid., 31.12.1922, p.37.

129) Ibid., 31.12.1924, p.38.

130) Ibid., 31.12.1926, p.43.

131) Ibid., 31.12.1928, p.26.

132) Ibid., 31.12.1930, p.32.

133) Ibid., 31.12.1927, p.76-7.

tal studente van die Potchefstroomse Onder= wyskollege gedurende die jare 1927 tot 1929 'n eenjarige kursus by die Potchefstroomse Landbouskool gevolg. In 1930 is vakansiekur= susse in Landbou aan onderwysers aangebied.[134)]

Inspekteur C.J. Blom het dit bepleit dat alle plaasskoolonderwysers 'n kennis van Landbou moes hê. Sodoende kon die probleme van die plaasmense beter begryp word. Sulke onder= wysers kon selfs hulle kennis van Landbou aan die boere oordra waardeur die vertroue van die plaasmense gewen, en die prestige van plaasskoolonderwysers verhoog kon word.[135)]

Vanweë die volgehoue pogings van die Trans= vaalse Onderwysdepartement om die kwalifika= sies van sy onderwysers te verbeter, was 97,9% van die plaasskoolonderwysers in Desember 1950 reeds ten volle gekwalifiseerd.[136)]

In 'n poging om die onderwysers vir laerskole, waarby plaasskole ingesluit is, nog beter op te lei vir hulle taak, is daar in 1967 voor= siening vir 'n langer voltydse opleidingskur= sus vir toekomstige onderwysers vir die primêre

134) Ibid., 31.12.1930, p.73.

135) Ibid., p.74.

136) Ibid., 31.12.1950, p.58.

skole gemaak. Die nuwe vierjarige opleidings=kursus maak vir 'n intensiewer akademiese op=leiding, sowel as vir verdere spesialisering in die nie-akademiese rigtings voorsiening.[137)]

10.9.2 Personeelvoorsiening

Gedurende die jare na Uniewording was daar 'n ernstige tekort aan onderwysers op die plat=teland, en onderwysposte is dikwels tevergeefs geadverteer. Daar was veral 'n tekort aan dames, want van die 849 onderwysers wat in 1912 aan plaasskole verbonde was, was daar slegs 233 dames.[138)] Hierdie tekort aan dames moes daartoe gelei het dat die skoolbeginners, waar die dienste van 'n dame as onontbeerlik beskou kan word, in die hande van mans was. Weens die tekort aan dames sou 'n vak soos Naaldwerk ook nie tot sy reg kon kom nie.

'n Aantal plaasskole moes in die Lydenburgse en Carolinase distrikte in 1917 tydelik ge=sluit word, omdat daar nie onderwysers gevind kon word nie. Inspekteur J.D. Kerrich het aanbeveel dat daar gerieflike onderwyserswo=nings by plaasskole opgerig moes word sodat

137) T.O.D. Algemene verslag, 31.12.1966, p.2.

138) First report of the Council of Education dealing with country schools of Transvaal, p.6.

meer onderwysers na die plaasskole gelok kon word.[139] P.M. van der Lingen, Inspekteur van Onderwys van die Noordoostelik-sentrale inspeksiekring, het hom in 1919 oor die ern=stige tekort aan plaasskoolonderwysers soos volg uitgelaat: „Die ouers was later maar tevrede as daar net een meestertjie kon staan, al was dit dan ook maar iemand van die omgewing, wat hulle agter die osse gaan vang het, of iemand, wat in die goeie oue tijd ook 'n tijdjie lang voor kinders gestaan het; nog erger, kinders, pure kinders, het voor die kinders daar gaan staan om hulle klaar te maak vir wat hulle hier en hiernamaals wag".[140]

As gevolg van die intensiewer toepassing van die sentralisasiebeleid vanaf 1936 en die vermindering van die leerlinge as gevolg van die verhuising van die plaasmense na die dorpe en stede, was daar bykans honderd onderwysers in Desember 1937 oortollig.[141]

Alhoewel daar later 'n verbetering ingetree het, het die ongunstige verhouding van die dames teenoor die mans by die buiteskole bly

139) T.E.D. Report, 31.12.1917, p.145.

140) T.O.D. Verslag, 31.12.1919, p.161.

141) Ibid., 31.12.1937, p.22.

voortbestaan, soos wat dit uit onderstaande gegewens blyk.

Getal onderwysers volgens geslag by buiteskole en die verhouding tussen die onderwysers en leerlinge.

| Jaar | Mans | Persen= tasie mans | Dames | Totaal | Getal leer= linge per onderwyser |
|---|---|---|---|---|---|
| 1920 | 1 155 | 65,8 | 599 | 1 754 | 1:23,2[142)] |
| 1930 | 1 526 | 64,4 | 735 | 2 261 | 1:22,4[143)] |
| 1935 | 1 522 | 68,7 | 694 | 2 216 | 1:22,2[144)] |
| 1940 | 1 194 | 67,9 | 564 | 1 758 | 1:24,2[145)] |
| 1945 | 1 096 | 70,0 | 470 | 1 566 | 1:24,7[146)] |
| 1950 | 977 | 62,5 | 586 | 1 563 | 1:24,7[147)] |
| 1955 | 723 | 62,5 | 573 | 1 296 | 1:25,4[148)] |
| 1960 | 598 | 52,0 | 551 | 1 149 | 1:25,9[149)] |

## Tabel LIII

Dit blyk uit bostaande gegewens dat die aantal leerlinge per onderwyser vermeerder het na mate daar vordering gemaak is met die beleid

142) Ibid., 31.12.1920, p.89; 94.

143) Ibid., 31.12.1930, p.32; 34.

144) Ibid., 31.12.1935, p.55; 57.

145) Ibid., 31.12.1940, p.41, 44.

146) Ibid., 31.12.1945, p.35, 38.

147) Ibid., 31.12.1950, p.56, 59.

148) Ibid., 31.12.1955, p.222, 224.

149) Ibid., 31.12.1960, p.74, 77.

van onderwyskonsentrasie op die platteland.

Deur al die jare was dit 'n ernstige probleem om voldoende geskikte onderwysers vir die buiteskole te kry. Bekwame skoolhoofde was moeilik bekombaar. In 1967 kon al die bevor=deringsposte by die klein skooltjies nie ge=vul word nie, en die poste moes heradverteer word.[150)]

10.9.3 Die diensvoorwaardes en werksomstandighede van onderwysers by buiteskole

Die Onderwyskommissie van 1912 wat 'n onder=soek na die plattelandse onderwystoestande in=gestel het, het betoog dat die salarisse van plaasskoolonderwysers in Transvaal geensins ongunstig vergelyk het met dië in ander lande nie. Daar is aangevoer dat plaasskoolonder=wysers wat departementele onderwyserswonings bewoon het, selfs beter af was as hulle kolle=gas in soortgelyke poste by dorpskole. Volgens die verslag van bogenoemde kommissie was die onderwysers se werksure by die buiteskole kort, en baie onderwysers kon nog 'n eie stuk=kie grond bewerk.[151)]

150) T.O.D. Algemene verslag, 31.12.1967, p.20.

151) First report of the Council of Education dealing with country schools of Transvaal, p.6-7.

Volgens die inspekteursverslae blyk dit egter dat die plaasskoolonderwysers dikwels onder uiters moeilike omstandighede gewerk het. Inspekteur A.J. de Vos het in 1916 daarop ge=wys dat die onderwysers by klein plaasskool=tjies dikwels onder ongunstige omstandighede, en met min fasiliteite tot hulle beskikking, met hulle veeleisende taak moes voortgaan. Hulle het ook veel minder aan salaris ontvang as hulle kollegas by die dorpskole.[152)]

In 1932 moes die salarisse van alle onderwysers (plaasskoolonderwysers het toe nog steeds veel minder verdien as hulle kollegas in die groter sentra) as gevolg van die depressie met 5,0% verminder word. Boonop het baie onderwysers oortollig geword, vanweë die sluiting van sommige buiteskole.[153)] Die salarisvermin=dering, inkorting van verlof en die moeite wat oortollige onderwysers ondervind het om poste te bekom, het die onderwysers se ge=moedere in beroering gebring.[154)]

Nadat die onderwystoestande na die depressie=jare na die normale begin terugkeer het, het 'n groot aantal onderwysers weer eens oor=

152) T.E.D. Report, 31.12.1916, p.112.

153) T.O.D. Verslag, 31.12.1931, p.8.

154) Ibid., 31.12.1932, p.12; 16.

tollig geraak, omrede daar in 1936 oorgegaan is tot die intensiewe toepassing van die sen=tralisasiebeleid. Dit was veral die plaas=skoolonderwysers wat 'n stukkie grond besit het wat die nadeligste getref is toe hulle oortollig geraak het en elders anders 'n ty=delike aanstelling moes aanvaar.[155] Aan die onderwysers van skooltjies wat in gevaar ge=staan het om gesluit te word is die versekering gegee dat daar gepoog sou word om hulle by ander skole in 'n tydelike hoedanigheid te benoem. Die Direkteur van Onderwys het voorts beweer dat die groter sentrale skole in die toekoms meer vastigheid en aangenamer werks=omstandighede aan die onderwysers op die platteland sou kon bied.[156]

Die onderwyspensioenordonnansie is in 1959 tot voordeel van die onderwysers gewysig en gekonsolideer.[157] Die veranderde diens=voorwaardes wat in 1966 gevolg het, het groot voordele vir alle onderwysers ingehou. Ver=beterde salarisskale is in werking gestel, vakansiebonusse is verhoog, die skole is her=gradeer en die bevorderingsmoontlikhede vir onderwysers is uitgebrei.[158]

155) Ibid., 31.12.1936, p.10.

156) Ibid., p.15.

157) Ibid., 31.12.1959, p.14.

158) T.O.D. Algemene verslag, 31.12.1966, p.1.